
GELOOF
In Die Woord



FAITH
In The Word

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE HEILIGHEID VAN GOD

Die Hebreeuse woord vir heilige is kadosh en die grondliggende mening is OM AF TE SONDER, of EENKANT TE PLAAS. So kry ons dat die mense van die Ou Testament baie dinge AFGESONDER of GEHEILIG het. Die tabernakel, die tempel, die priesterdom.

Met betrekking tot God beteken hierdie afsondering dat Hy afsonderlik verhewe is bo alles en almal in die ganse heelal.

1 Sam.2:2: Niemand is HEILIG soos die Here nie, ja, daar is niemnad buiten U, en daar is geen rots soos onse God nie. Openb.15:4: Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is HEILIG, want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat U regverdige dade openbaar geword het.

1 Joh.1:5: En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig; God is LIG, en geen duisternis is nie Hom nie.

God is dus geheel-en-al HEILIG, en ook SUIWER en REIN. Daar is geen sonde of duisternuis in Hom nie. Satan is die een vol duisternis en hy doen ook sy bose werke in die duisternis. Maar wanneer die lig in die duisternis in skyn, verdwyn die duisternis! God se Lig laat sonde verdwyn.

Ons weet dat God se Hand gesien word as Sy Krag en Mag. Sy Oog word gesien as Sy Alwetenheid, Ewigheid as Sy tydsbestek, maar HEILIGHEID IS SY WESE! En Sy Heiligheid word met Sy Skoonheid verbind.

Psl.27:4: Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here, om die LIEFLIKHEID van die Here te aanskou en te ondersoek in Sy tempel.

Dit wat God lieflik maak, is Sy Heiligheid. In 'n sonde toestand wil die mens maar altyd wegbeur van God af, maar Sy Heiligheid, wat Sy Skoonheid is, trek die sondaar aan en wys die aakligheid van sonde! Die Kind van die Here verlang om al die tyd hierdie LIEFLIKHEID van die Here te aanskou! Hierdie karaktertrek van God, nl. Sy Heiligheid, word meer kere na verwys in die Bybel as na enige van Sy ander karaktertrekke. SY Naam word voortdurend gemeld as **"Sy Heilige Naam", NIE Sy Almagtige Naam** OF **Skone Naam nie.** Hierdie NAAM is uiters belangrik, want ons weet dis in daardie NAAM wat elke knie moet buig. Omdat al God se karaktertrekke ook saamgevat en gekonsentreer was in Sy Seun, Jesus Chrsitus, is daardie NAAM VAN JESUS ook die Naam waarin duiwels vlug en siekes genees word. **Jes.6:3: En die een [seraf] het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here van die leerskare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol!**

Waar God geloof en geprys word is dit weereens SY HEILIGHEID wat besing word. Let ook op in Openb.4:8 waar God vereer word deur die vier lewende wesens om Sy Troon, was hulle uitroepe:

Heilig, heilig, heilig i die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

Die Heiligheid is die heerlikheid van God en Heiligheid is die heerlikheid van elke karaktertrek van God. Soos Sy Krag die sterkte van Sy karaktertrekke is, so is Heiligheid die skoonheid daarvan. Net so sal God se karaktertrekke verswak wees sonder Sy Heiligheid wat hulle versier. As God

se karaktertrek van Heiligheid met die kleinste persentasie besoedel sou word, sal al die ander karaktertrekke hulle krag verloor. Dink maar aan die son: as dit sy lig sou verloor, soudit sy krag, energie en skoonheid verloor. God se Geregtigheid is Heilige Geregtigheid – Sy Wysheid is Heilige Wysheid – Sy Mag is Heilige Mag [Psl.98:1] – Sy Waarheid is Sy Heilige Beloftes [Psl. 105:42]. Sy Naam, wat verteenwoordigend is van AL SY karaktertrekke, is Heilig. [Psl. 103:1].

Baie gelowiges dink die Naam van Jesus is 'n towerformule. Dit het slegs krag as dit gebruik word deur iemand wat bekend is met die karaktertrekke van die God wat daardie Naam verteenwoordig. Petrus was beslis so 'n persoon en hy het daardie Naam met GESAG gebruik. Let op wat sê hy in Hand.5:41: **Hulle het toe van die Raad af weggegaan, bly dat hulle waardig geag was om vir SY NAAM oneer te ly. Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, SY HEILIGE NAAM! [Psl.103:1]**

Dis van uiterste belang dat ons hierdie HEILIGHEID van God sal begryp, want dis of ons in hierdie moderne tyd 'n oppervlakkige begrip daarvan en daarteenoor het. Tog behoort ons dit na te strewe en dit te soek en die integriteit daarvan te eer. God se Heilige Teenwoordigheid was by Sy dissipels in die tyd van Handelinge, daarom het kreupeles geloop, blindes gesien en het tronkdeure vir hulle oopgegaan. Dwarsdeur die geskiedenis was dit so dat voordat 'n geestelike herlewing plaasvind, is daar eers 'n honger na heiligheid; na 'n afsondering van sonde, na 'n ondervinding van God se Heiligheid! Soek ons nie tevergeefs na herlewing sonder eers heiligmaking nie!?

GOD SE HEILIGHEID MANIFESTEER IN SY WERKE.

Psl.145:17: Die is regverdig in al Sy weë en goedgunstig in al Sy werke [Die Engelse vertaling lui: **and HOLY in all His works**]

Ons het gesien dat God GOED is, en 'n Goeie God maal net GOEIE GOED. Dit word ook bevestig in Gen.1 en 2 waar God alles geskape het en elke dag daarop kon heen kyk en besluit dat dit GOED was. Euwels en ellende kom uit satan se hand en hart uit!

GOD SE HEILIGHEID MANIFESTEER IN SY WET

Psl.19:8-9: Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel, die getuienis van die Here is gewis; dit gee wysheid aan die eevvoudige.

Die bevele van die Here is reg: hulle verbly die hart, die gebod van die Here is suiwer, dit verlig die oë. Rom.7:12: Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.

So sien ons dat, omdat Sy wet HEILIG is, dit van ons heiligheid, verwag; Sy wet is SUIWER, daarom verwag Hy van ons suiwerheid en reinheid. Nou is dit nie my doel om hier 'n lys te voorsien van al die dinge en plekke waar die kind van die Here BESOEDELING optel nie, maar laat jou eie gedagtes gaan in daardie rigting en jy sal self ondervind hoe God se Gees dinge vir jou uitwys. Kom ons neem maar net die voor-die-hand-liggende: die TELEVISIE. Paulus sê ons moet najaag dit wat tot vrede en STIGTING [opboiung – veral geestelik] dien [Rom.14:19]. Hoeveel van die programme wat jy na kyk op TV bou jou geestelik op, of gee jou vrede? Is die meeste nie dalk besoedeld en afbrekend nie?

GOD SE HEILIGHEID WAS GEMANIFESTEER TEER AAN DIE KRUIS

Heb. 1:13: U, wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie…

God HAAT alle sonde. Die enigste manier waarop God sonde kon straf en die sondaar laat vry gaan was deur Sy Heilige Seun te gee as Soenoffer.

So sien ons hoe haatlik en afstootlik sonde vir God is deur dat Hy dit tot die uiterste gestraf het deur dit op Sy Seun te plaas en toe die hartverskeurende uitroep vanaf die Kruis:

"My God, My God, waarom het U My verlaat?"

God vergewe sondaars, maar nie sonde nie. Dit moet gestraf word deur die dood. Die sondaar word slegs vergewe op grond van iemand anders wat sy straf gedra het.

…. en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie [Heb.9:22]

Omdat God absoluut HEILIG is, is dit daarom vir die mens onmooontlik om deur Hom aanvaar te word op grond van sy werke, aangesien al die mense se dade, selfs sy bestes, gekontamineer is deur sy sondige natuur, wat in teenstelling is met God [Jes.64:6].

'n Slegte boom bring slegte vrugte voort [Matt.12], tog, dit wat God se heiligheid verlang, het Sy Genade vir ons voorsien in Chrsitus, sodat IN HOM [Jesus] elke berouvolle sondaar "Begenadig is in die Geliefde" [Ef.1:6].

God se Kind het dus geen rede of verskoning om minder heilig te wees as God nie: Hy is HEILIG, daarom moet ons HEILIG wees. Waarom hou mense dan vas aan sonde? Waarom word hulle nie verlos nie? Is dit maar die ou probleem van ONGEHOORSAAMHEID aan Sy opdragte? Lippediens aan Hom? Kyk net watter dure prys het Hy betaal op Golgota omdat Hy sonde haat en ONS LIEF HET!

ONS IS GEROEP OM HEILIG TE WEES SOOS GOD

1 Pet.1:15-16: Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want ek is heilig.

Lev. 19:2: Spreek met die hele vergadering van die kinders van Israel en sê vir hulle: Heilig moet julle wees, want Ek, die Here julle God is heilig.

Ef.1:4:….. soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.

2 Pet.3:11: Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie?

Daar is dan God se OPDRAGTE: is ons GEHOORSAAM?

As jy kyk na 1 Pet.2:9 sal jy lees dat ons 'n HEILIGE VOLK IS: m.a.w. die dag wanneer jy wedergebore word, word die Heiligheid van God in jou geplaas, maar nou is dit jou taak om dit uit te werk in jou lewe sodat jou lewenswandel heilig kan wees. Onthou, ons het aan die begin gesê dat HEILIGHEID beteken "afgesonder" en "toegewy". Werk dus jou heiligheid uit deur afgesonder te wees in jou optredes, lewenswyses, gedagtes en voorde. Moenie skrik en dink dat jy nou in 'n EIENAARDIGE mens moet verander wat alleen in 'n kamer woon sonder enige kontak met die samelewing nie. Inteendeel, die persoon wat IN hierdie lewe sy wandel en gedagtes aan God wy, is 'n aangename geur van die LEWE van Christus in hierdie ou vervalle en ellendige lewe! God sal Homself aan ons openbaar as ons ons afsonder van onheilige dinge en mense, en onsself aan Hom wy. Maar let op hierdie HEILIGHEID wat ons van praat is nie 'n wetlike gebondenheid soos bv. Geen TV, geen grimering, geen dat nie! Soos ons reeds gesê het moet jy KIES om jou besig te hou met dinge wat jou stig en ophef, en as daar so iets op die TV is of in die bioskoop, KYK! 'n vrou wat haar skoonheid beklemtoon deur grimering en mooi klere MET DIE REGTE HARTSMOTIEWE is beslis nie ONHEILIG nie! Daar is baie mense wat vashou aan die tradisionele sogenaamde "heiligmakings-kode" van smaak nie en raak nie na die uiterlike, maar die oomblik wat hulle praat kom daar allerhande gemors by hulle monde uit, om nie eers te praat van die gedagtes wat net God van weet nie! Heiligheid en heiligmaking is nie 'n stel uiterlike reëls nie. Dis nie wat jy DOEN nie, maar wat jy IS!

Heb.12:14: Jaag vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie. Jy IS heilig, Kind van God: Jaag dit nou na – werk dit nou uit in jou lewe!

1 Kor.1:30: Maar deur Hom is julle in Chrsitus Jesus, wat vir ond geword het wysheid uit God en geregtigheid en HEILIG MAKING en verlossing.

VICTORY OVER THE DEVILS ATTACKS

If you continually exalt Jesus by praising and worshipping Him IN every situation (not FOR every situation), Satan will have little chance of attacking you, for he cannot bear us worshipping the True God, and His Son Jesus, and he will flee. Remember the story of king Jehosophat, who went into battle making sure that he put the singers in the front line of battle. 2 Chron. 20:21.

In this account of warfare in the Bible, the children of Israel SANG about their mighty God, Yahweh, because His love endures forever. They SANG from the depth of their heart and soul, trusting in the God of their salvation, and this caused confusion in the enemy's camp. THE ISRAELITES HAD FAITH IN THEIR GOD AND THEY PRAISED HIM, AND HE GAVE THEM THE VICTORY, WITHOUT THEM HAVING TO USE A SINGLE PHYSICAL WEAPON! Always remember that when you praise and worship God, regardless of your situation and circumstances, you are in fact binding demonic forces at work. It is sometimes very difficult to praise God when things are going wrong, but it is essential that we realise that praising God is a mighty weapon against our enemy.

Psalm 149:5-9: Let the saints be joyful in glory; let them sing aloud on their beds, Let the high praises of God be in their mouth, and a two-edged sword in their hand, to execute vengeance on the nations, and punishments on the peoples; to bind their kings with chains, and their nobles with fetters of iron; to execute on them the written judgement – this honor have all His saints. Praise the Lord! Use the Spiritual weapons and armour that God has given you in His Word, in order to resist Satan and counter his every attack. For further study on this subject read our book "Know Your Enemy".

DO NOT FEAR, ONLY BELIEVE

In Mark chapter 5 in the Bible, we read of three incidents involving different people, and each one stands out as a shining example of how a person's faith in Jesus can overcome the works of Satan – even death itself. They all serve as illustrations of faith versus fear, and faith prevailing, which in turn strips the devil of his power. Let us begin by reading Mark vs. 1: Then they came to the other side of the sea, to the country of the Gadarenes. vs. 2: And when He had come out of the boat, immediately there met Him out of the tombs a man with an unclean spirit vs. 3: who had his dwelling among the tombs; and no one could bind him, not even with chains, vs. 4: because he had often been bound with shackles and chains. And the chains had been pulled apart by him, and the shackles broken in pieces; neither could anyone tame him. vs. 5: And always, night and day, he was in the mountains and in the tombs, crying out and cutting himself with stones. vs. 6: But when he saw Jesus from afar, he ran and worshipped Him .....

vs. 21: Now when Jesus had crossed over again by boat to the other side, a great multitude gathered to him; and He was by the sea. vs. 22: And behold, one of the rulers of the synagogue came, Jairus by name. And when he saw Him, he fell at His feet vs. 23: and begged him earnestly, saying, "My little daughter lies at the point of death. Come and lay Your hands on her that she may be healed, and she will live." vs. 24: So Jesus went with him, and a great multitude followed Him and thronged Him. vs. 35: While He was still speaking, some came from the ruler of the synagogue's house who said, "Your daughter is dead. Why trouble the Teacher any further?" vs. 25: Now a certain woman had a flow of blood for twelve years, and had suffered many things from many physicians. vs. 26: She had spent all that she had and was no better, but rather grew worse. vs. 27: When she heard about Jesus, she came behind him in the crowd and touched his garment.

These are three extreme situations involving devil possession, chronic sickness and death. We see that in all three cases something WONDERFUL happened! When Jesus appeared on the scene, the circumstances changed radically. The possessed man was delivered and set free, the sick woman was healed, and the dead girl was raised!

It is when we read about such instances that our FAITH IS STRENGTHENED! Faith comes by hearing, and hearing by the Word of God. Romans 10:17.

Many times we have seen people in hospitals who are suffering from incurable diseases, watching television and reading worldly magazines - it always amazes us, because they require faith in order to be healed: GOD IS ABLE, AND DESIRES TO HEAL THEM! But instead of spending time building up their faith, reading the Bible and believing for their healing, through studying God's promises in His Word, they fill their minds with worldly views that lead to destruction.

The Bible tells us in Proverbs concerning God's Words:.... For they are life to all who find them, And medicine to all their flesh. Prov. 4:22.

God's Word does not only heal, but prevents and immunises the Believer against sickness. This obviously depends however on the amount of Word we read, believe and act upon.

Psalm 119:107: I am afflicted very much; REVIVE me, Oh Lord, according to Your Word.

Even though you are not always in the mood to read, or you feel that it is not helping you or perhaps you do not always understand everything in God's Word, nevertheless - READ God's Living Word, it will be life to your body, spirit and soul. God will speak to you through His Word, He is faithful and you

will be encouraged and filled with His Life.

Let us reconsider Mark 5, Jesus Christ being the author of miracles! Jesus is the Author and Finisher of our faith, because He and He alone is LIFE. All power in heaven and on earth belong to Him.

Consider the possessed man of whom we spoke earlier. Although there was a legion of demons possessing him, they had to obey Jesus' command, and flee. Every knee must bow in Jesus' presence.

Jesus Christ is still the same today - HE NEVER CHANGES! What He did then, He will still do today.

Jesus Christ the same, yesterday, today and forever. Hebrews 13:8.

Jesus had just performed the wonderful miracle of delivering the demon possessed man of Gadara, when another crowd surrounded him, and an important man in the synagogue came up to Jesus and fell at His feet. This man had a desperate need, and came to God in humble submission.

The doctors could do nothing for his child, she was left to die! In his state of desperation, he must have heard that the Great Physician, Jesus, was in the land, and he must have said to his family: "Please care for my child, and try to keep her alive until I return. I am going to search for Jesus of Nazareth, and I know that He will heal her."

When Jairus found Jesus, he fell down at the Lord's feet.....

It is so wonderful to have the reassurance, that at certain times when no one else is able to help, and it seems as if there is no solution to our problems, we can fall down at the feet of Jesus. We can always depend on our Lord and Saviour, Jesus Christ. We do however, have to seek Him diligently, and to keep our eyes firmly fixed on His ability, until the battle is won. For the battle is the Lord's. We must never be ashamed to tell others of our dependence on the Lord. Jairus was a very important religious leader in the synagogue, and so was Nicodemus. (Read John 3) Nicodemus came to Jesus by night, to avoid his fellow rabbis and his own people from seeing him talking to Jesus.

We read in Mark 5, that Jairus on the other hand, did not care who saw him fall at Jesus' feet. He was desperate, and had full assurance that the Lord could help him, and he demonstrated this openly by his act of humility in showing his total dependence on Jesus. The miracle, which occurred when his daughter was raised from the dead, was a direct result of his unwavering faith in Jesus. This miracle has given people hope and encouragement over the centuries. Jairus confessed openly his faith in divine healing. He begged Jesus earnestly saying: "My little daughter lies at the point of death. Come and lay your hands on her that she may be healed, and she will live." Jairus knew that when Jesus laid hands on his daughter, HEALTH and LIFE would follow. Jairus believed in his heart, and confessed with his mouth, and received that for which he had trusted. Mark 11:23.

His faith truly blessed the heart of Jesus, who agreed to go to his home and lay hands on his daughter. Jesus' own words in John 10:10 were: I have come that they may have life, and that they may have it more abundantly.

Always remember when you are in a desperate situation, as was Jairus, and you act in accordance with God's Word, i.e IN FAITH (which is simply TRUSTING God with your whole heart), you are also assured of a miracle. Many people begin by zealously believing God's Word, as Jairus did, but as the situation or sickness worsens, or the battle becomes more difficult, most people grow tired and give up hope before they have victory in the Lord. They had been on their way to receiving a miracle from the Lord, but gave up before the manifestation of God's power had taken place. Many were about to receive victory - Jesus was walking the road with them as He was with Jairus.... Child of God, never lose hope!!

Jesus said that He would never leave us nor forsake us. Heb. 13:5. Why then doubt that He is with you no matter the hardship you are experiencing. Why not just call on Him?

Do not think that there were no obstacles in Jairus' path to eventual victory! As Jesus and Jairus were walking to the house where the sick child lay dying, a

.

little woman who had had an issue of blood for twelve years, pushed through the crowd to get to Jesus. Jairus had to exercise both faith (trust) and patience while Jesus remained with the little woman for a while, dealing with her needs. Just imagine how Jairus felt with every moment that passed and his child on the verge of death. All that he could do at that time was to KEEP HIS EYES ON JESUS. Often when we desperately need a miracle in our lives, we become so self-centred that all that we can think about and talk about is our own problem. When others receive a miracle from the Lord, we may be disappointed and wonder why nothing is happening in our own situation. Words of disappointment spoken, such as, "why are others healed and not me?" could in fact give Satan an opportunity to rob you of your miracle, before it has taken place. Beware of Satan placing selfish bitterness in your heart, to prevent you from receiving from God. Job prayed for his friends and God "turned his captivity" .

Satan will often cause negative, ungodly thoughts to spring into our minds (the mind being the battle field). We say things like: "God doesn't love me because he has not healed me", or "It is too tough being a Christian, I'm going to throw in the towel."

If you are waiting for a touch from the Lord, never, never allow such thoughts or words to control you, because they are foolishness and not in line with God's Word.

To continue with the story of Jairus. He was suddenly faced with the most heart wrenching news his daughter had died! But remember what Jesus answered! DO NOT FEAR, ONLY BELIEVE.

Jesus encouraged him not to give up faith, even in a situation that looked beyond repair!!! Remain in trust. This applies to our lives as believers. Are we going to believe Satan's lies, or are we going to stand on the Word of God?

Jairus received Jesus' words and believed them, not giving up. Even today we are instructed that faith comes by hearing, and hearing by the Word of God. (Rom. 10:17). Therefore, child of God, MEDITATE ON GOD'S WORD, FILLING YOUR HEART WITH GOD'S PROMISES. For the Word of God is LIFE to all whom believe and obey.

When Jesus entered the room of Jairus' little girl, He was accompanied by true believers only (Peter, James, John and Jairus). He made sure that no negative, inquisitive bystanders were around, verse 40 tells us that He commanded the others to leave. No mockers or sceptics were welcome at this point!

It is important that we seek only Godly advice and counsel from people who know, believe and speak God's Word. You will get " sympathetic" who say, "Just accept this, it is God's Will." Even preachers often say: "God is testing and purifying you through this sickness." This is a sure way of Satan attacking our faith, before we experience a miracle from the Lord.

Jesus saw the mockery of the mourners, there was much confusion and wailing at Jairus' home. These people laughed at Jesus and Jairus, and Jesus commanded them to leave.

Very often as Christians, we experience the same mockery and unbelief from family and loved ones when we make Jesus Lord of our lives, and choose to live by faith in God's Word, and not by man's council and reasoning.

Mark 5:41: Jesus took the lifeless hand of the Jairus' daughter, and said to her: "Talitha, cumi," which means, "Little girl, I tell you to get up!" vs. 42: She got up at once and started walking around. (She was twelve years old). When this happened, they were completely amazed. vs. 43: But Jesus gave them strict orders not to tell anyone, and He said, "Give her something to eat."

Jairus experienced a wonderful miracle that day, because he chose to keep his eyes on Jesus, (the Author and Finisher of our faith) and nothing and no one could make him doubt.

We would like to encourage each and every one of you reading this newsletter, to be assured that JESUS IS WITH YOU THIS VERY MOMENT

AS YOU FACE ANY SITUATION. JESUS WILL NEVER LEAVE YOU NOR FORSAKE YOU. No matter how much opposition you come up against nothing is too difficult for the Lord. Begin to praise and thank Jesus for His faithfulness and everlasting presence. God promises that He WILL perform a miracle in your life, if you trust and obey Him. If we turn to Ephesians 6:14 the Lord tells us to: "Stand ready, with truth as a belt tight around your waist, with righteousness as your breastplate.

Galatians 6:9: Let us not become tired of doing good, for if we do not give up, the time will come when we will reap the harvest.

Remember God expects us to persevere and to push through, whether it takes 10 minutes, 10 weeks or 10 years whilst trusting God for victory in any situation. His Word will ALWAYS REMAIN ESTABLISHED.

At this point in your life, you will experience Jesus' overcoming victory against any of Satan's attacks, if you fight according to the Word and ways of God.

Fight the good fight of faith, lay hold on eternal life, to which you were also called and have confessed the good confession in the presence of many witnesses. 1 Timothy 6:12.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas,kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kanfaks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com
en ons faks nommer is: (032) 552 5411
Ons het ook 'n internetadres en dit is :

www.stangerchristiancentre.com

u kan al onsboeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem (1 Kor.1:31).

As ons kyk na wat die Skrif vir ons sê, dat God ons gekies het voor die grondlegging van die wêreld af, moet ons besef dat ons niks gedoen het om onsself te red nie.

Die Skrif sê vir ons dat selfs die werke wat ons doen vooraf voorberei is **(Efesiërs 2:10)**, sodat ons ook geen krediet daarvoor kan neem nie.

Wat van ons gawes en talente? Dit word ook gegee deur die goeddunke en genade van God, dus is die bron Hy!

1 Kor.12:6 en daar is verskeidenheid van werkinge en tog is dit diedelfde God wat alles in almal werk.

Daarom, as Paulus sê dat ons in die Here moet roem, is dit omdat niks van ons eie is nie. Selfs ons dae en die volgende asemteug word deur God bepaal.

U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie (Ps. 139:16).

Liewe vriende, as ons nadink oor ons seëninge, ons beproewinge wat ons laat groei, ons gawes en selfs ons geloof in Jesus, word ons teruggetrek na die werklikheid dat alles wat ons het en is, 'n werk van Sy genade in ons lewens is. As ons dit erken, kan ons net in Hom spog en hierdie waarheid maak ons vry van trots. Wat 'n magtige en genadige God dien ons nie!



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Ons leef in opwindende tye !! Die hele wêreld is in chaos en in duisternis, maar Jesus het vir Sy dissipels (die gelowiges), in Matt. 5:14-16 gesê: **Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.**En ons is deel van Sy Liggaam op hierdie Aarde.

Ek glo dat dit waarlik die tyd van die "oorblyfsel", van die "oorwinnaars" is. Die Here is besig om die Bruid van Sy Seun Jesus Christus voor te berei want Sy Koms is naby. **Lukas 12:40: Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.** . Oor en oor word ons in die Woord gewaarsku om GEREED te wees vir Sy terugkoms.Ons lees van die mens se gesindheid in die laaste dae, net voordat Jesus terug keer Aarde toe – die Woord bevestig in **Open 22:11-14: Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.**

Ons moet ons motiewe, ons gesindhede en ons optrede ondersoek want op die oomblik is die Here besig met die finale toets van die harte van mense. Alle afgode, rebellie, onsedelikheid, verborge sondes en onsuiwere motiewe word ontbloot. Jesus Christus kom 'n Bruid haal wat sonder vlek of rimpels is. **Efs. 5:27: ...sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergelikes; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.** My gebede is dat ons almal voorbereid sal wees vir daardie oomblik van vertrek met Jesus, om vir ewig saam met Hom te wees.

Nou, meer as ooit tevore, moet ons nie mismoedig word en in wanhoop verval nie, maar laat ons WAKKER EN WAAKSAAM wees. Laat ons mekaar aanmoedig om te volhard.

Ons het vir die Here gevra vir 'n woord vir ons nuusbrief-familie vir hierdie tyd van verwarring, verdeling en misleiding in die kerk en toe gee Hy ons die volgende skrif: **2 Thes. 2:9-17: hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen** en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid. Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry. So dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is òf deur 'n woord òf deur 'n brief van ons. En mag onse Here Jesus Christus self en onse God en Vader, wat ons liefgehad het en 'n ewige troos en goeie hoop in genade gegee het, julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke!

Dankie! Dis so 'n klein woordjie, maar ons bedoel dit opreg! Aan elkeen wat vir ons bid, wat belangstelling en wat ons finansieël ondersteun: BAIE DANKIE! Wees verseker dat ELKE bydrae met groot blydskap ontvang word. Ons poog om die administratiewe kostes tot 'n minimum te beperk sodat hierdie bydraes aangewend kan word om die nuusbrief en ander leesstof te druk en te versprei. So is u dan ook, deur middel van u gebede en gawes, 'n baie belangrike deel van hierdie bediening! Ons weet dat u ryklik deur ons Hemelse Vader geseën sal word. Bowenal, gee ons al die lof en dank aan God. Hierdie is Sy bediening en dit is slegs deur Sy genade dat ons dit kan doen. Wees verseker dat ons elke dag vir elkeen van julle intree. Hoe wonderlik om te weet dat ons Here Jesus elke gebed en versoek hoor en beantwoord!

Ons dien waarlik 'n onbeskryflike, wonderbaarlike, genadige God. Halleluja!

Baie liefdegroete

Meg en die Gebedspan